191.T.3(18)

(Pers: Vir vrystelling, 2 Oktober 1964, 4 nm.)

(Press: For release, 2nd October 1964, 4 p.m.

REFERAAT:

# DIE BETEKENIS VAN ONS EKONOMIESE STREWE VIR DIE KULTUUR VAN ONS VOLK

deur

Professor H.B. Thom

(Voorsitter van die F.A.K., en

Rektor van die Universiteit van Stellenbosch)

(Gelewer te word by geleentheid van die Herdenkingsfees van die Eerste Ekonomiese Volkskongres van 1939, Bloemfontein, 2 Oktober, 2.15 nm.)

Dat ons by die Herdenkingsfees van die Eerste Ekonomiese Volkskongres van 1939 'n oomblik sal nadink oor wat ons in 'n kwart-eeu op ekonomiese gebied bereik het, spreek vrywel vanself. Immers, ons het 'n behoefte daaraan om die oog te laat val op vyf-en-twintig jaar wat verby is, en om te bepaal welke vordering ons in dié tyd gemaak het.

Ons sou egter 'n ernstige fout begaan indien ons by hierdie geleentheid die aandag net op die ekonomiese terrein as sodanig toespits. Want wat daar op die ekonomiese terrein gedoen en bereik word, is in werklikheid die sigbare, uitwendige manifestasies van dieper, veel belangriker kragte, wat in die kultuurlewe van ons volk aan die werk is. Dit is in die algemeen die geval, maar 'n mens sien dit ook duidelik weerspieël in die gebeure van die verlede waaraan ons vandag dink: Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge is in 1929 gestig, 'n kultuurliggaam wat die kultuurkragte van ons volk gemobiliseer

het/..........

het; en uit die F.A.K. - uit die kultuurliggaam dus - is die Eerste Ekonomiese Volkskongres van 1939, en die Ekonomiese Instituut, gebore. Die noue verwantskap tussen kultuur en ekonomiese strewe tree op treffende wyse hieruit na vore.

Laat ons één aspek hiervan, t.w. die betekenis van ons ekonomiese strewe vir die kultuur van ons volk, nou nader ondersoek. Dit is nodig dat die begrippe kultuur en ekonomiese strewe eers gepresiseer word, sodat daar geen twyfel sal bestaan oor wat ons presies bedoel en wil oorweeg nie.

Praat 'n mens van die kultuur van 'n volk, dan bedoel jy seer seker nie maar 'n bietjie volkspele, volksmusiek en volksgebruike nie. Ek moet dit maar sterk stel, want daar is ongelukkig baie Afrikaners wat in minder of meerder mate hierdie naïewe opvatting huldig; en al sê sommige dit nie, is dit tog maar dikwels hulle onuitgesproke, geykte beskouing.

Die woord kultuur kom van die ou Latynse werkwoord colo, wat beteken om te bewerk: eerstens in die letterlike sin, bv. 'n plaas, grond of wingerde te bewerk; en tweedens in die figuurlike sin, bv. vriendskap, getrouheid of geregtigheid te bewerk of aan te kweek. Uit - of saam met - die werkwoord colo ontstaan weer die selfstandige naamwoord cultura, wat ons nog nader aan die woord kultuur bring. Vir die Romein het cultura aanvanklik die streng basiese betekenis: bewerking van die grond (agri cultura); maar hiervandaan gaan dit reeds by die Romeine oor na die figuurlike betekenis: die bewerking of versorging of verfyning van die intellek, die gees, die beskawing.

Die woord <u>kultuur</u> het dus eindelik 'n baie ruime betekenis gekry: dit omvat alle prestasies van die gees, of dit teoreties of prakties is, of sigbaar of onsigbaar, of ideëel of konkreet. Praat ons van die <u>kultuur</u> van die Afrikaner, dan dink ons dus aan die volle rykdom van sy volkslewe, sy hele beskawing: sy kerk, sy onderwys, sy staatkunde, sy familielewe, sy kuns, sy ekonomiese bedrywighede, kortom alles wat sy volkslewe of beskawing uitmaak. Dit is die volheid van sy lewe; dit is oneindig veel meer as 'n bietjie volkspele of boeremusiek of volksgebruike. Hierdie dinge is wel loflik en verdienstelik op hulleself, maar hulle is slegs 'n klein onderdeeltjie van 'n groot, wyd-omvattende geheel.

Kom 'n mens nou by die ekonomiese strewe, dan moet jy na Grieks, die ander groot taal van die Klassieke, gaan. Die Griekse werkwoord <u>oikonomeo</u> beteken letterlik, of basies, <u>om 'n huis te bestuur</u>, of meer in die algemeen <u>om te bestuur</u> of <u>te administreer</u>. Daarnaas vind 'n mens die Griekse selfstandige naamwoord <u>oikonomia</u>, d.w.s. die <u>bestuur van 'n huis</u>, of meer in die algemeen die <u>bestuur</u> of <u>administrasie</u>. Hiervandaan kom dan ons woord <u>ekonomie</u>, en verder ook die mooi ou Nederlandse woord <u>staathuishoudkunde</u> (wat nog nader aan die ou Griekse begrip lê) en die Duitse woord <u>Nationalökonomie</u>.

Die woord <u>oikonomia</u> kan ook dui op die <u>reëling</u> of <u>ordening</u> van dinge, of die <u>bestuur</u> of <u>beheer</u> van stede. Dit kry selfs in die algemeen die betekenis van <u>spaarsaamheid</u>: om jou materiaal reg en verstandig te orden en te gebruik, 'n begrip wat te vinde is in ons eie gebruik van die woord <u>ekonomies</u>. In die Wes-Europese tale kry die woord algaande meer en meer 'n materiële konnotasie, soos dan ook

met/...........

met ons eie woord die geval is.

Praat ons van ons ekonomiese strewe dan dink ons dus aan ons werk op die materiële terrein, ons strewe om deur spaarsame, verstandige optrede ons bronne van materiële welvaart te ontgin en om daardeur sterk en welvarend te word. Hiervoor kom in aanmerking die boerdery, die handel, die nywerheid, die wynbou, die bosbou, die vissery, die geleerde professies, of enige ander gebied of terrein waar - of waardeur - materiële vooruitgang verkry kan word.

Uit die voorgaande sal dit duidelik wees dat ons kultuur nie los van ons ekonomiese strewe gesien kan word nie. Aangesien ons kultuur, soos opgemerk is, die volle rykdom van ons volkslewe - dus ook ons ekonomiese bedrywighede - insluit, beteken dit dat ons ekonomiese strewe deel van ons kultuur uitmaak. In die formulering van ons onderwerp, Die Betekenis van ons Ekonomiese Strewe vir die Kultuur van ons Volk, is daar dus niks buitengewoons of teenstrydigs nie; inteendeel, dit is volkome duidelik en logies: dit gaan eenvoudig om die betekenis wat 'n deel (of onderdeel) vir die groot geheel het. In hierdie sin moet ons ons verdere bespreking voortsit.

Die ekonomiese strewe is vir enige mens fundamenteel. Of hy 'n primitiewe barbaar is, of 'n hoog ontwikkelde, fyn beskaafde mens - enige mens moet lewe, en hy span hom dus in om die nodige materiële middele te vind, sy voedingsmiddele, waardeur hy aan die lewe bly. Hy wy hom aan die jag of die vissery of die veeteelt of die landbou om die nodige voedsel te verkry.

Dit is egter opvallend dat hoe hoër die mens

ontwikkel/.......

ontwikkel, hoe meer werk hy met oorleg wat sy voedselproduksie betref; en hoe meer sy beskawing vooruitgaan, hoe groter word die verskeidenheid van sy behoeftes. Die primitiewe mens sal miskien daarmee volstaan om voedingsmiddele in die grond of in die water te soek, of om dit deur die jag te bekom. Hy kyk ook nie veel verder as sy onmiddellike behoeftes nie: as hy 'n hoeveelheid voedsel in die hande kry, is hy dikwels tevrede om homself daarmee te versadig; en wanneer die honger hom dryf, gaan hy maar weer eens voedsel soek. Hy bekommer hom ook nie oor die behoeftes van mense buite sy eie kring - sy familiekring of sy stamkring - nie. Van die behoeftes van mense verder verwyderd van hom af is hy hom dikwels nie eens bewus nie, en al sou hy hom ook daarvan bewus wees, bekommer hy hom nie daaroor nie.

Na mate die mens ontwikkel, kom hierin egter 'n verandering. In die verkryging of produksie van voedsel kom daar meer oorleg en beplanning. Die ontwikkelde mens bring op planmatige wyse die nodige materiële voedingsmiddele voort. Met oorleg verbeter hy huisdierrasse om die ruimste en beste vleisvoorrade te bekom; met ingewikkelde werktuie en voedende stowwe maak hy die grond vrugbaar om die grootste opbrengs van graan en groente en vrugte te verkry; en met goed toegeruste vaartuie en fyn instrumente bevaar hy die see om 'n goeie vangs van vis en ander see-voedsel te bekom.

Wat meer is, die ontwikkelde mens is nie meer tevrede om voedsel net vir die oomblik te verkry nie. Hy vind ook middele uit om dit vir toekomstige gebruik goed te hou en te bewaar, en hy maak planne om dit te vervoer en te distribueer. Hy dink nie net aan sy eie behoeftes nie, maar ook aan die behoeftes van mense wat verwyderd

van/...........

van hom woon, en hy probeer om, met die middele tot sy beskikking, in hulle behoeftes te voorsien. Soms geskied dit gewoonweg om redes van liefdadigheid of mensliewendheid, maar in die reël geskied dit om kommersiële oorwegings, d.w.s. wanneer voedselvoorrade artikels van handel word, waarmee 'n land ander handelsartikels **bekom** om sy rykdom te verhoog.

Ons sien dus watter enorme verskille daar tussen die primitiewe en die ontwikkelde, beskaafde mens is wat betref die verkryging en hantering van sy voedsel. Die kern van hierdie verskille kom net daarop neer dat daar by die beskaafde mens veel meer oorleg is, en dat daar by hom 'n ingewikkelde patroon van voedselproduksie en -hantering bestaan, 'n patroon wat in die ekonomie van enige beskaafde land vandag van die allergrootste betekenis is. Fundamenteel is daar tussen die primitiewe mens en die beskaafde mens egter dié punt van ooreenstemming, nl. dat albei oor die nodige voedingsmiddele moet beskik om te kan lewe. In minder of meerder mate is die ekonomiese strewe van albei op hierdie basiese behoefte toegespits.

Die ontwikkeling van die menslike maatskappy en die vooruitgang van die beskawing bring ook mee dat daar 'n veel groter verskeidenheid in die behoeftes van die mens ontstaan. Vanselfsprekend het die primitiewe mens nie 'n groot verskeidenheid van behoeftes nie. As aan sy allervernaamste materiële behoefte, sy behoefte aan voedsel, voorsien is, het hy nie meer baie ander behoeftes nie. Buite hierdie één materiële behoefte om sal hy hom dan ook nie soseer oor ander behoeftes bekommer nie.

Met die beskaafde mens is dit egter heeltemal anders gesteld. Wat sy voedsel betref, het hy al dadelik aan 'n veel groter verskeidenheid behoefte as die primitiewe

mens/.........

mens. Ook wat ander materiële behoeftes aangaan, verlang hy 'n veel groter verskeidenheid. Hy is nie meer tevrede om in 'n grot of 'n biesies-hut te woon nie, maar hy bou vir hom 'n huis, wat verkeie vertrekke bevat en van allerhande geriewe, soos doeltreffende verligting en behoorlike ventilasie, voorsien is. Hy is ook nie meer tevrede om lang afstande op moeisame wyse te voet af te lê nie, maar hy skep vir hom vinnige verkeersmiddele, sommige waarvan vandag selfs honderde myle in één uur kan aflê. Waar hy ook al is, of hy tuis is of op kantoor of op reis, hy bestudeer sy gerief en skep vir hom die middele om die lewe vir hom, in sy arbeid en in sy vrye tyd, gerieflik en aangenaam te maak.

Maar - en veral hierop moet ons let - die groter verskeidenheid geld nie slegs vir materiële dinge nie, dog ook vir die dinge van die gees. Teenoor die primitiewe mens, wat weinig behoefte aan dinge van die gees het, het die beskaafde mens 'n baie sterk behoefte aan sekere geriewe of uitinge van die gees. Hy dink na oor, en heg waarde aan sy godsdiens, sy onderwys en sy regeringstelsel. Hy bevorder sy biblioteke, die leeslus en leesvaardigheid van sy mense, en hy span hom in om navorsingswerk op verskillende terreine aan te moedig. Hy beywer hom om kunsvorme soos die letterkunde, die skilderkuns, die beeldhoukuns, die musiek en die drama tot bloei te bring; en die mate waarin hierdie kunsvorme by 'n volk bloei, word dan ook dikwels as 'n betroubare aanduiding van die beskawingspeil van so 'n volk beskou.

Aldus vind ons by die beskaafde mens, anders as by die primitiewe mens, 'n wel-oorwoë, ingewikkelde patroon in verband met sy voedsel-produksie, en 'n groot verskeidenheid

in/..........

in verband met sy materiële en geestelike behoeftes. Die mate waarin hierdie patroon uitgeleef en waarin aan hierdie verskeidenheid van behoeftes voldoen word, sal bepaal wat die stand van die kultuur van 'n volk - ook van ons eie volk - in werklikheid is.

Teen hierdie agtergrond moet ons nou die betekenis van die ekonomiese strewe - en van ons eie ekonomiese strewe - bepaal. Is 'n sterk, suksesvolle ekonomiese strewe noodsaaklik met die oog op die verkryging van kulturele bloei? En, indien wel, tot welke mate?

Niemand sal seker wil beweer dat 'n kragtige ekonomiese strewe, wat groot welvaart meebring, vir die behoud van alle kulturele waardes noodsaaklik is nie. Daar is baie voorbeelde van volke wat jarelank swaar tye en groot armoede beleef het, en wat tog sekere basiese kulturele waardes behou en dit selfs tot bloei gebring het. Ons dink bv. aan die Joodse volk, veral aan hulle ou geskiedenis soos dit uit die Ou Testament tot ons spreek. Ons dink aan die geskiedenis van die Duitse volk, insonderheid aan die tyd wat onmiddellik op die verwoestende Dertigjarige Oorlog gevolg het.

Ons dink ook aan die geskiedenis van ons eie volk. Jarelank was ons voorouers in die binneland van Kaapland die pioniers, wat daagliks moes swoeg en stry om 'n woeste, nuwe land bewoonbaar te maak. Gedurende die tyd van die Groot Trek, en die jare daarna, het hulle in die land noord van Grootrivier dieselfde taak verrig. In hierdie tye was hulle nooit ryk nie, en talle van hulle het hulle ver verwyderd van die gewone beskawingsinvloede, soos kerk en skool en regering, bevind. Verder het die

Driejarige/.......

Driejarige Oorlog gevolg, wat die Afrikanerdom verbrokkeld, verarmd en verwond gelaat het. Van 'n bloeiende ekonomiese strewe kon daar geen sprake wees nie; inteendeel, 'n Armblanke-Vraagstuk het ontstaan, en baie jare lank was daar duisende - selfs honderde duisende - blanke armes.

Maar ten spyte van dit alles het die Afrikanervolk sy basiese kultuurbesittinge nooit prysgegee nie. Sy godsdiens het hy behou en onder die moeilikste omstandighede beoefen; sy familiebande het hy bewaar en gaandeweg selfs versterk; sy hoogskatting van die onderwys het hy nooit verloor nie en vir sy jeug het hy, hoe moeilik dit ook gegaan het, onderwysgeriewe geskep, al was dit, in vergelyking met wat ons vandag ken, maar baie gering; en sy liefde vir wet en orde, gegrondves op 'n uitgesproke demokratiese regeringstelsel, het steeds in ons volk bly brand. 'n Bloeiende ekonomiese strewe, of materiële welvaart, is vir die behoud van kulturele waardes dus nie 'n noodsaaklike voorvereiste nie.

Terwyl ons dit sê, moet ons egter goed onthou dat dit nog geensins beteken dat die ekonomiese strewe, as deel van die groot kulturele patroon, vir die groot geheel oorbodig is nie. Basiese kultuurbesittinge kan wel in tye van armoede en ander ernstige moeilikhede bewaar word, maar 'n groot, algemene kulturele opbloei is in sulke tye nie denkbaar nie. Immers, as dinge soos die kuns en die wetenskap en die onderwys op groot skaal moet bloei, dan moet daar genoegsaam fondse wees om hierdie dinge te voed en te laat floreer.

Die geskiedenis leer ons dan ook dat kulturele bloei, op groot skaal en intensiewe wyse, gekom het in tye toe daar genoegsaam welvaart was, en wel by mense wat oor

daardie/........

welvaart beskik het. Die ou Italiaanse stede, soos Venesië, Pisa en Florence, het hulle grootste kulturele bloei belewe vóór die groot ontdekkingsreise, toe hulle uit die winsgewende handel tussen die Weste en die Verre Ooste ryk en welvarend geword het. Dit was toe dat hulle die Renaissance, die wedergeboorte van die kuns, aan die beskaafde wêreld gegee het. En die Nederlandse Republiek het sy Gulde Eeu belewe, op vrywel alle kultuurterreine, toe hy in die sewentiende eeu uit die handel met Oos-Indië groot welvaart geput het.

Grootskaalse kulturele opbloei vereis vrye tyd, geduld, oorpeinsing en toewyding, en geen volk kan veel hiervan bekostig as hy moet stry en worstel om aan die lewe te bly nie. Vandaar dat, in die dae van die groot vraagstuk van blanke armes, in ons land by herhaling tereg gesê is dat ons volk nooit werklik groot kulturele vooruitgang sal beleef nie solank hy arm is en elke dag net moet swoeg om sy voedsel te verdien. Dit is dus wel só dat basiese kultuurbesittinge suiwer bewaar kan word in tye van armoede en swaarkry; maar dit is nie só dat groot kulturele bloei sonder minstens 'n redelike mate van welvaart kan plaasvind nie. Die groot betekenis van ons ekonomiese strewe vir die kultuur van ons volk is dus daarin geleë, dat dit minstens 'n redelike mate van welvaart moet teweeg bring, sodat ons volk op ruime skaal die genot, besieling en verheffing van bv. die onderwys, die kuns en die wetenskap kan ondervind.

Nou moet ons egter versigtig wees om hieruit nie sonder meer die afleiding te maak dat stoflike welvaart noodwendig kulturele welvaart in die hand werk nie. Daar moet aan sekere voorwaardes voldoen word as ons ekonomiese

strewe/.........

strewe waarlik voedend en besielend vir ons kultuur moet wees. Laat ons op 'n paar van hierdie voorwaardes let.

Dit is noodsaaklik dat ons ekonomiese strewe volksgebonde sal wees en sal bly. Hiermee bedoel ek nie dat hy eng moet wees, dat hy net ons eie volk moet raaksien, en dat hy hom van die buitewêreld moet afsluit nie. Die teendeel is eerder waar: Ons ekonomiese strewe, as hy werklik sterk wil wees en wil bloei, moet hom ook buite ons eie volk en ons eie grense laat geld. Dit is inderdaad baie wenslik dat hy met die buitewêreld kontakte sal opbou en handel sal aanknoop.

Maar as ons sê dat ons ekonomiese strewe volksgebonde moet wees, bedoel ons dat hy in wese, karakter en morele beginsels Afrikaans sal wees. Ons bedoel dat die Afrikaner op die ekonomiese terrein, ofskoon hy met ander saamwerk, Afrikaner sal wees en nie sal aarsel om aan sy eie kultuur getrou te bly nie. Die Afrikanervolk moet voel, en hy moet gerus wees, dat bv. die Afrikaanse sakeman en nyweraar steeds Afrikaner bly en in die middel van die volk staan. Die volk moet nie in vrees verkeer dat die Afrikaanse sakeman en nyweraar, sodra hy sukses behaal, sy Afrikanerskap sal vergeet en na 'n ander kultuurkring sal oorgaan nie. Die Afrikanervolk moet weet dat selfs die grootste en suksesvolste Afrikaanse sakeman of nyweraar, hoeseer hy ook met ander te doen het of met ander moet saamwerk, in hart en siel nog steeds Afrikaner bly. Want slegs langs hierdie weg sal die Afrikaanse sakeman en nyweraar die groot geheel van die Afrikaner se kultuur dien en 'n blywende, ware inspirasie vir die Afrikanervolk wees.

Laat ons daaroor egter geen twyfel hê nie: wat vir die Afrikaanse sakeman en nyweraar geld, geld net soseer

vir/...........

vir Afrikaners wat hulle op ander terreine van ons ekonomiese lewe besighou, sy dit die finansiewese, die versekeringswese, die toegepaste tegnologiese terrein, die boerdery, of watter ekonomiese bedrywigheid ook al. Aan almal word die eis gestel dat hulle, as hulle wil help om ons ekonomiese strewe werklik 'n stukrag vir ons kultuur te maak, volksgebonde sal bly. Indien hulle nie meer volksgebonde is nie, sal hulle vir ons nie meer 'n stukrag wees nie, maar dan kan hulle eerder in ons eie midde 'n geestelike erosiegevaar word.

Aan ons ekonomiese strewe word ook die voorwaarde gestel dat dit steeds 'n onderdeel van ons kultuur sal bly, en nie in die plek van die geheel sal tree, of die geheel sal vervang nie. Ook hier hang dit af van die Afrikaner wat op hierdie gebied optree. Hy moet besef en verstaan wat ons aan die begin gesê het, t.w. dat ons ekonomiese strewe nie iets aparts is wat op sigself staan nie, maar in werklikheid 'n deel van die groot geheel van ons kultuur uitmaak.

As 'n mens elke dag op 'n sekere terrein werk, dan is dit miskien net menslik dat jou blik later begrens word, en dat jy geneig is om vas te kyk teen dié dinge wat jou voortdurend besighou. Die Afrikaner wat op die ekonomiese terrein arbei, staan voor dieselfde moontlikheid: sy aandag word daagliks tot so 'n mate deur sy arbeid opgeëis dat hy geneig mag wees om die groot geheel te vergeet en net die onderdeel, waarmee hy besig is, raak te sien. Ook hierin is vir ons groot gevaar geleë. Dit is noodsaaklik dat die juiste perspektief bewaar sal word, t.w. dat die deel daar is vir die geheel, en nie anders om nie. Die Afrikaner op die ekonomiese terrein moet hom steeds van

hierdie/.........

hierdie perspektief bewus bly. As dit die geval is, sal hy help om ons ekonomiese strewe, as belangrike onderdeel van ons groot kultuurpatroon, 'n voedende krag vir die groot geheel te maak. Maar as die juiste perspektief verstoor word, kan die onderdeel, in plaas van die groot geheel te voed, maklik 'n werktuig van blote materialisme word.

Die volgende voorwaarde vloei regstreeks hieruit voort: Ons ekonomiese strewe moet nie net 'n onderdeel van die groot geheel bly nie; dit moet in werklikheid ook 'n dienaar van die groot geheel wees. Ons ekonomiese strewe sou inderwaarheid op kulturele gebied vir ons volk weinig waarde hê as dit nie die dienaar van ons geestelike of kulturele welsyn is nie. Dit moet 'n middel wees om 'n groter doel te dien; dit mag nie doel op sigself word nie. As die Afrikaner hom maar net daarop sou toelê om stoflike rykdom ter wille van die rykdom self te versamel, as hy nie toesien dat daardie rykdom op verstandige wyse in belang van blywende geestelike waardes vir die volk aangewend word nie, dan kan rykdom op die duur vir ons volk baie meer kwaad as goed doen.

Ons moet besef dat daar 'n onverbiddelike perk is aan die waarde wat materiële rykdom vir 'n volk kan hê. Die geskiedenis gee vir ons voorbeelde van volke wat, toe hulle hard gewerk het en hulle rykdom aan blywende geestelike waardes diensbaar gemaak het, hoog gepresteer het, maar wat, toe hulle hulle rykdom 'n doel op sigself gemaak het en dit net vir eie materiële voordeel en gerief aangewend het, ten onder gegaan het. Die ou Romeine het vir hulle deur inspanning en toewyding in terme van die destydse wêreld 'n wêreldryk opgebou, wat die bakermat en teelaarde van kuns en wetenskap, van regspraak en staatsbestuur,

geword/...........

geword het. Maar toe hulle groot rykdom vergader het, en daardie rykdom aan eie gerief en gemaksug gaan opoffer het, kon hulle die aanslae van buite nie meer weerstaan nie, en te midde van hulle weelde het hulle ten onder gegaan. Dit kom eindelik net daarop neer: stoflike rykdom moet 'n dienaar bly, dit mag nie 'n diktator word nie; dit moet onder beheer bly, dit mag nie die beheer voer nie.

Laat ons ten slotte nog op één groot, deurslaggewende voorwaarde let. 'n Gesonde wisselwerking tussen ons kultuur en ons ekonomiese strewe moet steeds gehandhaaf word. Ons kultuur en ons ekonomiese strewe bestaan nie maar toevallig langs mekaar nie; en ons ekonomiese strewe maak nie maar toevallig 'n onderdeel van ons kultuur uit nie. Tussen kultuur en ekonomiese strewe bestaan daar 'n noue verband, soos reeds al uit die voorgaande geblyk het.

Wat meer is, tussen kultuur en ekonomiese strewe bestaan daar 'n diepgaande wisselwerking. Ons het immers opgemerk hoedat uit die optrede van die F.A.K., wat ons verteenwoordigende kultuurliggaam is, die Ekonomiese Volkskongres van 1939 en die stigting van die Ekonomiese Instituut voortgevloei het. Die Ekonomiese Volkskongres en die Ekonomiese Instituut het weer ons ekonomiese strewe op kragdadige wyse versterk en vrugbaar gemaak, en hierdeur is weer die kultuur van die Afrikaner op treffende wyse gevoed. Omdat ons volk meer welvaart leer ken het, het ons nie meer nodig gehad om - soos met ons voorgeslagte grotendeels die geval was - voortdurend net te arbei en te stry om onsself te beskerm en te voed nie. Ons het meer tyd gekry om aan 'n groter verskeidenheid van kulturele of geestelike behoeftes aandag te wy, en aldus het Afrikaners

op terreine verskyn - bv. die kuns en die wetenskap en ook die ekonomiese terrein self - waar hy vroeër maar 'n baie geringe staanplek gehad het. En omdat daar 'n groter verskeidenheid in sy kultuur gekom het, is die Afrikaner se ekonomiese strewe op sy beurt weer versterk. Die kultuur stimuleer dus die ekonomiese strewe; die ekonomiese strewe voed op sy beurt weer die kultuur, en so gaan die wisselwerking voort.

Hierdie wisselwerking is egter nie maar vanselfsprekend nie, en dit sal nie noodwendig tot heil van ons volk strek nie. Daar lê 'n delikate ewewig in, wat ons volk soos 'n kosbare kleinood moet koester en waaroor ons gedurig moet waak. Dit word verstoor wanneer ons ekonomiese strewe nie meer volksgebonde is nie; wanneer ons ekonomiese strewe nie meer 'n onderdeel van ons kultuur is nie; en wanneer ons ekonomiese strewe nie meer 'n dienaar is nie. Wanneer die ewewig verstoor word, kry 'n mens die verskynsel wat bv. in Spanje en Portugal in hulle ou koloniale tydperke voorgekom het.

Portugal het enorme rykdomme uit sy Oos-Indiese handel in speserye en edelgesteentes getrek, terwyl Spanje groot skatte aan edelmetale uit sy kolonies in Suid-Amerika gehaal het. Oplaas was daar in altwee hierdie ou moederlande soveel rykdom dat dit nie meer na waarde geskat en aangewend is nie. Die rykdom het 'n doel op sigself geword; die delikate ewewig van 'n gesonde wisselwerking tussen kultuur en ekonomiese strewe is verstoor, en die glorietydperke van die ou Portugal en die ou Spanje het verby gegaan.
Die twee ou lande was wel teen die armoede en die swaarkry bestand; maar teen die rykdom was hulle nie bestand nie, eenvoudig omdat die ewewig van 'n gesonde wisselwerking nie gehandhaaf is nie. Hierin lê vir ons 'n groot les opgesluit:

Dit is ons dure plig om toe te sien dat die gevoelige ewewig van 'n gesonde wisselwerking tussen ons kultuur en ons ekonomiese strewe sorgvuldig bewaar sal word.

Ek moet afsluit. Ons het gesien dat ons ekonomiese strewe 'n onderdeel van ons kultuur is; dat ons ekonomiese strewe vir ons kulturele bloei noodsaaklik is; en dat daar sekere voorwaardes is waaraan voldoen moet word indien ons ekonomiese strewe vir ons kulturele lewe van blywende waarde moet wees. Laat ons as Afrikaners vandag dankbaar wees vir wat die Eerste Ekonomiese Volkskongres van 'n kwart-eeu gelede vir ons beteken het. Laat ons dankbaar wees vir die vordering wat ons in vyf-en-twintig jaar op die ekonomiese terrein gemaak het, en veral vir die skare van Afrikaanse sakemanne en nyweraars en ander op die ekonomiese terrein, wat groot welslae met hulle werk behaal het en steeds volksgebonde gebly het. Laat ons ook dankbaar daarvoor wees dat ons ekonomiese strewe nog 'n onderdeel van ons kultuur is, en nog 'n dienaar gebly het. Maar laat ons terselfdertyd hoop en werk en bid dat Afrikaners wat op ekonomiese gebied nie meer aan hierdie voorwaardes voldoen nie, deur die houvas en krag van die Afrikanerkultuur terug gebring sal word. En laat ons dan bowenal ook ons skerpste insig, ons beste oordeel en ons grootste toewyding inspan om toe te sien dat die gevoelige ewewig van 'n gesonde wisselwerking tussen kultuur en ekonomiese strewe nie versteur word nie.

As dit die gees is waarin ons by hierdie Herdenkingsfees van die Eerste Ekonomiese Volkskongres byeengekom het, en as dit die gees is wat hierdie Herdenkingsfees na buitentoe sal uitdra, dan sal ons seer seker nie verniet byeengekom het nie. Dan sal ons Herdenkingsfees van die Eerste Ekonomiese Volkskongres - net soos die Volkskongres in sy tyd self was - vir ons almal 'n ware besieling wees op die pad wat voorlê.

---oOo---